

Hoeveel kos 'n goeie bul?

Goedkoop is duurkoop, veral as jy 'n bul teen 'n winskoop wil aanskaf. Die bedryf wemel ook van oëverblindery. Kyk daarby verby en kies die regte teelmateriaal aan die hand van regte vrae en riglyne.

Nie lank gelede nie het 'n ou skoolvriend gebel en gevra of ek vir hom 'n goedkoop bul kan opspoor. My antwoord was dat 'n goedkoop bul die duurste aankoop kan wees wat hy ooit sal maak. Die feit is dat jou kommersiële kudde binne drie geslagte 'n weerspieëling is van die bulle wat jy by jou stoetteler gekoop het. Terwyl jou bulle net 3% tot 5% van jou kudde uitmaak, is hulle in die eerste geslag vir 50% van die teelmateriaal verantwoordelik (sien "Veetelers se blik op waardeketting", *LBW*, 24 April 2015).

Die nageslag van 'n goedkoop bul wat swak presteer, sal vir altyd in jou kudde bly. Die koop van 'n bul is, en moet, as 'n langtermynbelegging gesien word. Daar is ook kommersiële boere wat heeltemal te veel vir 'n bul betaal en nooit opbrengste op hul finansiële belegging sal sien nie. Wanneer dit tyd raak om bulle aan te koop, word dikwels rondom die braaivleisvuur gevra wat 'n redelike prys vir 'n goeie, kommersiële bul is.

Dit is belangrik dat ons die onsinnige aansprake uit die vergelyking laat wanneer dit by die koop van bulle kom. Ek het op 'n klein familieplaas in die distrik Jamestown grootgeword en het dikwels my oorlede pa dopgehou as hy 'n bul of ram op 'n veiling of tydens 'n onderlinge ooreenkoms gekoop het. Daar was gewoonlik 'n gestry tussen my pa en die verkoper, wat twee geprobeer het om soveel waarde moontlik uit die transaksie te kry. Dikwels het ego's 'n groter rol as die werklike waarde van die dier gespeel en hierdie gestry het gewoonlik die prys opgejaag.

Min boere werk die finansiële waarde van die aankoop uit, met ander woorde wat die genetiese waarde van die dier in rand en sent is. Dikwels is daar eenvoudig geen korrelasie tussen die finansiële waarde van die nageslag en die bul wat gekoop is nie. Baie bulle word steeds slegs op grond van voeromsetting gekoop, met ander woorde hoe vetter die dier is, hoe meer word van jou verwag om te betaal.

Lesers van my rubrieke behoort teen hierdie tyd te weet dat die meeste wetenskaplike telers

KORTOM

- Die koste van 'n bul moet as 'n langtermynbelegging gesien word.
- Speenkalfpryse gaan na verwagting volgende jaar verhoog vanweë 'n toename in die vraag na speenkalwers.
- Bou 'n goeie verhouding met jou stoetteler op en moenie van die een na 'n ander spring nie. Moet ook nie net reputasie najaag nie.

kan bewys dat daar dikwels min korrelasie is tussen die visuele voorkoms van 'n dier en sy teelwaarde (dus die prestasie van die nageslag wat ekonomiese waarde betref).

Dit is belangrik dat die dier vry van gebreke moet wees, maar dit is dikwels die enigste kriteria wat vir seleksie gebruik word en min aandag word gegee aan eienskappe van ekonomiese belang, soos kalfpersentasie, voerdoeltreffendheid, moedervermoëns, karkasgehalte en uitslagpersentasie.

Baie van die strukturele eienskappe kan ook objektief gemeet word en dit sluit bespiering (met die gebruik van ultraklank), pensterte (deur puntetoekenning) en pote en bene (ook deur 'n puntetoekenningstelsel) in. Wat vrugbaarheid betref, het die bul net soveel genetiese potensiaal as die koei om 'n vrugbare



dogter te lewer, maar die bul se impak op die kudde is baie groter as bloot die uitgooi van 'n nie-dragtige koei. Dit is hoekom ons "fertiliteitsmateriaal" kuddes moet inbring pleks van bloot nagedragte koeie uit te gooi.

BEOORDEEL VOLGENS PRESTASIE

Dr. Roger Hunsley is 'n wêreldbekende beeswetenskaplike en -beoordelaar wat 'n gewilde handboek vir beesbeoordelaars geskryf het. Dié boek word steeds wêreldwyd gebruik.

Hy het aan gehore by die Aldam-vleisbeeskool gesê in die volgende tien jaar gaan DNS-toetsing vir ekonomies belangrike eienskappe, soos voerdoeltreffendheid, vrugbaarheid en moeder vermoëns, met die gebruik van wetenskaplike hulpmiddels, soos genomika, nog 'n belangrike hulpmiddel in die seleksiekriteria raak. Weeg en meet sal altyd belangrik wees. Visuele "taksering" sal en moet altyd belangrik bly, maar struktureel korrekte diere moet met verloop van tyd die norm raak.

Ek stem ook volmondig saam met die stelling deur mnr. Martin Seyfferdt, hoof van die Suid-Afrikaanse komitee vir interras-beoordelaars, wat onlangs in die openbaar gesê het wanneer bulle gekoop word, moet hulle eerste op prestasie beoordeel word – dit is prestasie gemeet met die gebruik van genetiese waardes gegronde op objektiewe parameters – en dan moet dié wat oorbly, op grond van fenotipe en struktuur geselekteer word.

Albei bogenoemde kenners het baie ure in krale deurgebring om diere objektief te evalueer, maar verstaan dat tye verander en dat kommersiële boere ook moet verander.

WAT IS 'N GOEIE BUL WERD?

Die algemene praktiese reël is om vir 'n bul sowat vyf keer die waarde van 'n vetgemaakte koei of sowat agt keer die waarde van 'n speenkalf vir 'n voerkraal te betaal.

Hierdie is algemene riglyne wat gebruik word om die waarde van 'n bul te bepaal en ek het onlangs die pryse wat oor die laaste dekade betaal is, getoets met die hulp van 'n vriend wat sowat 120 bulle per jaar aan kommersiële kopers in Suid-Afrika verskaf.

'n Vetgemaakte koei van 600 kg teen R12,50 per kilogram gee jou sowat R7 500 per dier. Vermenigvuldig dit met 5 en jy kry 'n waarde van sowat R37 500 per bul. Die speenkalfprys van R20 per speenkalf vermenigvuldig met 'n gewig van 230 kg gee sowat R4 600 per speen-

LINKS: As jy 'n bul wil koop, maak seker die stoetboer het 'n reputasie vir eerlikheid en integriteit. Twee vroeë wat jy jouself moet afvra, is of hy 'n bul sal vervang waarmee jy nie tevrede is nie en of hy moderne wetenskaplike tegnieke gebruik.

kalf. Vermenigvuldig met 8 gee dit ook sowat R37 000 (R36 800) per bul.

Die meer gepaste manier om 'n bul se prys te bepaal, is waarskynlik om die metode te gebruik wat my kollega, mnr. Peter Massmann (afgetrede Simmentaler-Simbra-rasdirekteur) aan my gegee het. Volgens hom moet die waarde van 'n bul as 'n langtermynbelegging in die koeikudde beskou word. Terwyl bulle, soos reeds genoem, net 3% tot 5% van die kudde uitmaak, is wat belangrik is die diere wat jaarliks tot die kudde toegevoeg word.

Volgens Peter se berekenings sal 25 koeie teen 'n belegging van R10 000 per koei gelyk wees aan R250 000. As jy dit deur 'n lewensduur van ses jaar deel, is dit sowat R40 000 per jaar. 'n Bul wat R40 000 oor 'n vyfjaartydperk kos, kos dus R8 000 per jaar. Relatief tot die koeikudde, wat 50% van die teelmateriaal bydra, is die bul 'n winskoop teen daardie prys. Wat ook in aanmerking geneem moet word, is die verkoopwaarde van die bul ná die vyfjaartydperk. As ons dit as R12 500 neem, kos die bul sowat R5 500 per jaar.

'n Baie goeie webwerf (<http://agecoext.tamu.edu/resources/software-tools/>) met besluitnemingshulpmiddels oor vleisbeeste, waaronder 'n Excel-sigblad oor die prysbepaling van bulle, is dié van emeritus-professor James McGrann van die Texas A&M-universiteit. Sy sigblaaie verskaf 'n gedetailleerde koste-ontleding van wat jy behoort te betaal gegewe verskillende produksiestelsels, en bevat inligting, soos die aanvangsbelegging, waardevermindering, rente, voerkoste, veeartsenykosse, herwinningkosse en hoe die speenkalfprys jou besluit om te koop beïnvloed.

Die gevolgtrekkings uit sy werk is tweeledig. Eerstens kan jy die bulkoste per gespeende kalf, asook die koste per karkasgewig van 'n gespeende kalf, drasties verander deur die korrekte teelmateriaal te koop, soos hieronder verduidelik sal word.

As 'n bul meer vrugbare dogters lewer en die vader is van meer kalwers as wat verwag word, kan die koste ook drasties verander. Tweedens kan die produktiewe lewensduur van die bul, die aantal koeie wat die bul dek en die aantal kalwers wat verwek word, ook vinnig 'n belegging 'n wyse besluit maak, al dan nie.

Ongelukkig het die pryse van speenkalwers in Suid-Afrika oor die laaste vyf jaar amper niks verander nie en dit plaas groot druk op plaaslike bulverkopers. Ek meen kommersiële boere kan tans winskope kry.

Gegewe die bykomende genetiese verdienste wat verkry kan word as jy die waarde van genetiese verbetering verstaan (soos wat hieronder verduidelik word), is dit nou die ideale tyd om jou bulle teen 'n goeie kapitaalbelegging te koop. Speenkalfpryse in Amerika het die afgelope jaar aansienlik gestyg en is nou bykans



Mnr. Peter Massman

Mnr. Martin Seyfferdt

KOOP SÓ

RIGTINGWYSERS

- Boere moenie aanhou om aan die bul, of die koste daarvan, as 'n uitgawe te dink nie. Dink eerder daaraan as 'n langtermynbelegging.
- Volg 'n gebalanseerde benadering wanneer 'n bul gekoop word. Dit sluit in sy genetiese samestelling vir die toekomstige vrugbaarheid van sy dogters (kies 'n bul uit vrugbare manlike en vroulike lyne), voerdoeltreffendheid, groei, karkas en moeder vermoë (dus dogters wat maklik kalf en baie melk gee). Maak ook seker dat die bul struktureel korrek is.
- Die produktiewe leeftyd van 'n bul, die aantal koeie wat hy dek en die aantal kalwers wat daaruit volg, kan gou 'n belegging 'n wyse besluit maak, al dan nie.
- Jy kan die bulkoste per gespeende kalf, asook die koste per karkasgewig van 'n gespeende kalf, drasties verander deur die korrekte teelmateriaal te koop, veral as die bul meer vrugbare dogters lewer, en meer kalwers lewer as wat verwag word, weer deur die korrekte teelmateriaal te gebruik.
- In Suid-Afrika het die pryse van speenkalwers oor die laaste vyf jaar amper niks verander nie en dit plaas baie druk op plaaslike bulverkopers. Terwyl die gemiddelde prys van 'n bul in die omgewing van R35 000 tot R40 000 behoort te wees, meen ek nou is die tyd dat kommersiële boere 'n winskoop kan kry omdat speenkalfpryse na verwagting in die volgende jaar gaan verhoog vanweë 'n toename in vraag wêreldwyd.

R50 per kilogram. Terselfdertyd het hulle 'n groot styging in die pryse van bulle gesien en beweeg hulle nader aan sowat R50 000 per bul. Die gemiddelde prys van 'n bul in Australië is A\$4 600, dus bykans R46 000, en dit in 'n land waar kommersiële boere dikwels troppe bulle koop.



◀ GELD IN JOU SAK

Die foto hierbo toon drie bulle met ongeveer dieselfde gewig. Die een links het 'n beraamde teelwaarde (BTW) van +5 kg vir speengewig (-10 kg onder die gemiddelde vir die spesifieke ras), die een in die middel is op die rasgemiddelde (+15 kg) en die een regs het 'n BTW van +25 kg. Die verskil tussen die laagste en die hoogste is dus +20 kg. Aanvaar dat die koeie in die ras van gemiddelde meriete (+15 kg) is. Ons kan dus verwag dat elke kalf by speentyd 10 kg meer as die gemiddelde weeg as dit net van die bul moes afhang. Maar met 'n gemiddelde teelwaarde vir die speengewig van die koeie van 15 kg, deel ons die verskil deur die helfte. Ons verwag dus die nageslag sal 5 kg swaarder wees (25-15/2).

As **die** ma byvoorbeeld 10% slimmer as **die** pa is en **die** pa is gemiddeld, verwag ons die kinders sal 5% slimmer as die gemiddelde wees. Party stelsels wat teelwaardes publiseer, korrigeer die gemiddeld na nul. Die Amerikaners gee die gedeelde resultaat as 'n verwagte nageslagverskil (EPD in Engels), met ander woorde hoe die nageslag na verwagting sal verskil.

Gegewe dat die deursnee vir vyf jaar in jou kudde bly, met sowat 25 koeie per jaar gepaar word en 'n kalfpersentasie van 85% het, gee dit 'n bykomende gewig van 530 kg. Teen die hedendaagse pryse van R20 per kg is dit gelyk aan 'n bykomende R10 500 bo die gemiddelde, en hierdie voordeel is kumulatief, aangesien dit in die nageslag behou word. Die verskil tussen die lae en hoë BTW-bul sal R21 000 wees, net gegrond op 'n begrip van die genetiese waarde.

Hierdie R10 500 bo die gemiddelde is die

Fyn kyk. Die drie bulle op die foto het ongeveer dieselfde gewig. Die een links het 'n beraamde teelwaarde van +5 kg vir speengewig (-10 kg onder die gemiddelde), die een in die middel is op die rasgemiddelde (+15 kg) en die een regs het 'n beraamde teelwaarde van +25 kg.

bykomende toename in waarde as jy 'n bul volgens 'n BTW net vir gewig koop, maar die waarde is nie net in die groei nie, maar ook in eienskappe, soos vrugbaarheid en die gemak waarmee die koeie kalf. Omdat baie objektiewe eienskappe gemeet word, moet 'n ekonomiese teelwaarde (genoem 'n ekonomiese indeks) gebruik word omdat dit al hierdie eienskappe in een ekonomiese waarde per dier saamstel. Elke ekonomiese waarde word ook vir 'n spesifieke produksiestelsel gegee. (Die berekening en gebruik van ekonomiese indekse is verduidelik in die artikel "Wat is genetiese verbetering?" (LBW, 12 Desember 2014). Die berekening van die ekonomiese waarde van 'n bul werk presies soos dié vir groei wat hierbo beskryf is.

VRA DIÉ VRAE

My eerste stukkie raad is om 'n goeie verhouding met jou stoetteler op te bou en nie elke jaar by verskillende boere te koop nie. Moet ook nie net jou besluit op reputasie grond nie. Die stoetbedryf is dikwels vol oëverblindery en dit stuur baie gemengde boodskappe uit. Dit is geen wonder dat kommersiële kopers dikwels verward is nie.

Soos wanneer jy 'n dokter of tandarts kies, maak seker dat jou stoetboer 'n reputasie vir eerlikheid en integriteit het. Sal die teler, binne



Dr. Michael Bradfield het die grade B.Sc. aan die Universiteit van die Vrystaat, M.Sc. aan die Universiteit van Edinburg en Ph.D. aan die Universiteit van Nieu-Engeland verwerf. Hy skryf in sy persoonlike hoedanigheid.

perke, bulle vervang waarmee jy nie tevrede is nie? Gebruik hy moderne wetenskaplike tegnieke en sal hy vir jou ordentlike tegniese inligting gee? Verstaan hy die produksiestelsel waarin 'n bepaalde bul gebruik moet word en teken hy sy diere se data akkuraat aan? Is daar 'n ordentlike naverkoopdiens en doen hy navraag oor hoe die bulle op jou plaas vaar?

Dit werk egter na albei kante toe. As jy as kommersiële koper 'n kansvatter is, moenie enige gunste van jou stoetteler tydens toekomstige verkope verwag nie.

As 'n bul by 'n veiling gekoop word, is dit belangrik dat jy vooraf jou huiswerk doen en inligting oor die prestasie van die dier naslaan. Jy moet ook weet wie die dier se moeder en vader is en of hy uit vrugbare manlike en vroulike lyne kom. By veilings is dit ongelukkig dikwels moeilik om die **mobilititeit** van die dier te ondersoek. As jy 'n groot kommersiële boer is, is dit waarskynlik beter om 'n groep bulle regstreeks van 'n stoetboer te koop. Die moderne stoetbeesbedryf raak net soos die hoender- en melkbedryf waar boere jou van 'n groep bulle sal voorsien sonder dat jy hulle gesien het.

Dit beteken dat hulle jou finansiële welsyn op die hart dra en die integriteit het om jaarliks volgens jou behoeftes te voorsien. Jy kan selfs, soos baie internasionale kliënte, deesdae al jou bulle op een slag koop en hulle oor 'n tydperk afgelewer kry, sê die volgende vyf jaar, in die wete dat jy 'n afslag-vooruitbetalingsprys vir jou aankoop kan kry.

As die bul wat jy oorweeg om te koop 24 maande of ouer is, vra vir 'n fisiese en semen-evaluasie. Dit kan deur die plaaslike veearts gedoen word en sal jou meer gemoedsrus gee dat die bul koeie dragtig sal kry. Die ou waarheid is weer hier van toepassing, naamlik dat 'n goedkoop, ongetoetste bul die duurste aankoop is wat jy ooit sal maak as daar geen kalwers is nie.

Baie dankie aan Peter Massmann, Peter Milton, Christian Duff en van die voorste telers in Suid-Afrika vir hul hulp met die skryf van hierdie artikel. LBW

NAVRAE: Dr. Michael Bradfield, e-pos: michael@agribsa.co.za.

Weeg en meet sal altyd belangrik wees. Visuele **taksering** en moet altyd belangrik bly, maar struktureel korrekte diere moet met verloop van tyd die norm raak.